DR. F. W. GROSHEIDE, *I Corinthe. Serie Commentaar op het Nieuwe Testament*. J. H. Kok, Kampen, 1957. Gld. 19.25.

In werklikheid is hierdie boek 'n vrywel onveranderde herverskyning van die werk met dieselfde naam van 1932 in die nuttige en bekende „Bottenburg-serie". By wyse van voetnote is verwysinge na die literatuur oor die afgelope vyf-en-twintig jaar bygewerk maar nie verwerk nie. Dit is jammer dat weens hierdie metode die uiters waardevolle diskussies van die afgelope jare op die gebied van hierdie Bybelboek geen kritiese oorweging ontvang nie. Ek verwys met name na die nuwere benaderinge en besprekinge, ook in Gereformeerde kringe, van I Kor. 7. Jammer ewe-eens dat die voortreflike werk van byvoorbeeld *Van Stempvoort* in sy Eenheid en Schisma met niks meer as 'n voetnoot aangedui word nie. Netso jammer ook dat *Cullmann* se Petrus, Junger, Apostel und Martyrer en sy ingrypende behandeling van I Kor. 15 in Unsterblichkeit oder Auferstehung der Toten heeltemal buite rekening val.

Die blywende betekenis van die werk lê in sy volledige behandeling van die materiaal oor I Kor. tot 1932.

Soos al die uitgawes van Kok val ook hierdie werk op deur sy keurige versorging. Die band is smaakvol en sterk; die nuwe letterkas maak die lees 'n aangename taak.

Onder die voorbehoude hierbo gestel, kan die werk vanweë sy omvangryke bespreking van die vernaamste benaderinge van I Kor. nog al die tyd sy plek met eer volstaan in die studeerkamer.

A. S. GEYSER